# Central Provincial Loft

# Bloemfontein




## UITSLAG / RESULT RACE 1 HANOVER –

## 30 JUN 2023 – 263 KM

Die 2023 seisoen het uiteindelik begin. Ons opregte dank aan elke deelnemer wat ons weereens hierdie jaar ondersteun het. Ons het 'n oproep gemaak vir meer duiwe, aangesien ons nie die inskrywingsfooie verhoog het nie, en u het so gemaak.

At long last the start of the long awaited 2023 season. Our sincere thanks to every participant who supported us once again this year. We asked for more entries to compensate for keeping the entry fee the same and you obliged.

Ten spyte van ongekende weerpatrone vir hierdie tyd van die jaar, het ons oefenwedvlugte sonder ernstige probleme afgeloop en was ons gelukkig om al die oefenvlugte voor die eerste wedvlug in te kry. Die duiwe is in uitstekende kondisie en goeie gesondheid en doen op hierdie stadium baie goed.

Despite unprecedented weather conditions for this time of year, our training went off without serious problems and we were lucky to get all our tosses in before the first race. The pigeons are in excellent condition and good health and are doing very well at this stage.

Die duiwe is losgelaat in 'n sopnat Hanover , yskoud en bewolk met 'n NW wind van 6 m/s. Die wind het meer Wes gedraai nader aan die hok. Die eerste drie jongduiwe het die pak met 4 minute uitgestof. Baie geluk aan Dave van der Sandt met sy wen met sy eerste probeerslag by die Sentrale

Hokke.    Willie Munnik in die tweedeplek , en so ook Gert Hartzenberg van Hartzie Hokke met 'n duifie in die derdeplek is ou staatmakers.    Uitstekend gedoen manne.

Die opvolg was baie goed met byna 90% van die jongduiwe en byna al die opes terug in die hokke binne 1 uur.  Ons was ook gelukkig om bitter min duiwe te verloor met hierdie wedvlug.

The birds were liberated in an icy cold, cloudy and wet Hanover with a NW wind of 6 m/s that turned to Westerly nearer to the loft.  The first 3 youngsters opened a gap of 4 minutes on the rest. Congratulations to Dave van der Sand with the win on his first try in the Central Provincial Loft.  Well done also to Willie Munnik with the second place and Gert Hartzenberg of Hartzie Lofts with the third place.

We had excellent returns with almost 90% of yearlings an almost all the opens back in the loft within 1 hour and the losses were minimal.

<u>WINNER OF YEARLINGS RACE 1 – DAVE VAN DER SANDT</u>

- Dave is van Bloemfontein en het grootgeword met duiwe, aangesien dit sy pa se liefde was.  In 1984 het sy pa 8 Janssen Arendonk duiwe ingevoer vanaf Jules Gallez van Belgie en in 1985 het hy by HJ van Waveren ook Janssen-Arendonk duiwe aangekoop.  Alhoewel hy 'n groot liefde vir duiwe gehad het het hy nooit kompeterend gevlieg nie en net sy eie duiwe op kort afstande losgelaat.  By ander duiweboere wat duiwe van hom getoets het, het die duiwe goed presteer en gewen.  Hy het ook 'n duiweboer vanaf Pietermaritzburg ontmoet en by hom stassarts aangekoop.  Hy het die bloedlyne sover moontlik suiwer probeer hou, maar het ook kruisings geteel.  Na sy pa se dood in 1994 het Dave sy duiwe oorgeneem en verlede jaar besluit om vir die eerste keer in 'n One Loft duiwe in te skryf.  Aangesien daar geen wedvlugrekords beskikbaar was nie, het hy maar op gevoel en hantering die duifies gekies met 'n groot vraag in die hart oor wat hulle in kompetisie kan doen, vandaar dan ook die naam"Wonder".







## <u>JAAROUD UITSLAG/YEARLINGS RESULT:</u>

| Ranking | Fancier | Pigeon | Arrivaltime | Speed | Name |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | VAN DER SANDT, DAVE | BPFD 1659 2022 | 30.06.2023 11:37:49.47 | 1666,408 | WONDER - 2023 Yearlings 1st Race 1 Hanover R5,000 |
| 2 | MUNNIK, WILLIE | SANPO 25639 2022 | 30.06.2023 11:37:53.15 | 1665,761 | 1-1122/1131 - 2023 Yearlings 2nd Race 2 Hanover R3,000 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3 | HARTZIE HOKKE | MDR 6000 2022 | 30.06.2023 11:37:59.17 | 1664,703 | MARTIE - 2023 Yearlings 3rd Race 1 Hanover R2,000 |
| 4 | KOOPMAN LOFTS & FRIENDS | GPU 6613 2022 | 30.06.2023 11:41:54.62 | 1624,356 | QUEEN OF THE EAST - 2023 Yearlings 4th Race 1 R1,000 |
| 5 | DIESEL POWER LOFTS | DPL 222 2022 | 30.06.2023 11:42:11.23 | 1621,583 | 2023 Yearlings 5th Race 1 R1,000 |
| 6 | DIEPLAAGTE/STERKFONTEIN LOFTS | DPL LOFTS 41 2022 | 30.06.2023 11:42:20.79 | 1619,992 | D/S 105 - 2023 Yearlings 6th Race 1 R1,000 |
| 7 | DU PLESSIS, PGW | KRPD 363 2023 | 30.06.2023 11:42:24.61 | 1619,357 | GELUK - 2023 Yearlings 7th Race 1 R1,000 |
| 8 | DU PLESSIS, PGW | CYRIL 7110 2022 | 30.06.2023 11:42:34.16 | 1617,771 | STREPIES - 2023 Yearlings 8th Race 1 R1,000 |
| 9 | LOFT EINKAMERER | ZA 0042 2022 | 30.06.2023 11:42:36.36 | 1617,407 | BLACK RIFLE - 2023 Yearlings 9th Race 1 R1,000 |
| 10 | LOFT EINKAMERER | ZA 0006 2022 | 30.06.2023 11:42:53.97 | 1614,492 | LIAM - 2023 Yearlings 10th Race 1 R1,000 |
| 11 | MUNNIK, WILLIE | SANPO 25663 2022 | 30.06.2023 11:42:54.29 | 1614,440 | 2-1122/1131 - 2023 Yearlings 11th Race 1 R500 |
| 12 | OUT OF AFRICA LOFTS | VPU 9488 2022 | 30.06.2023 11:43:57.89 | 1604,003 | 2023 Yearlings 12th Race 1 R500 |
| 13 | TROSKIE, DANIEL | PWF 15191 2022 | 30.06.2023 11:44:02.74 | 1603,212 | HENNIE - 2023 Yearlings 13th Race 1 R500 |
| 14 | HENDRIK & DANIEL MOLLER | BPPD 9017 2022 | 30.06.2023 11:44:11.26 | 1601,826 | 2023 Yearlings 14th Race 1 R500 |
| 15 | NJD STEVENS LOFTS | OPU 1267 2022 | 30.06.2023 11:44:14.62 | 1601,279 | NORMAN 2 - 2023 Yearlings 15th Race 1 R500 |
| 16 | ERMELO SINDIKAAT | MHPU 4506 2022 | 30.06.2023 11:44:14.64 | 1601,276 | 2023 Yearlings 16th Race 1 R500 |
| 17 | SINCERITY HOKKE | WPU 9373 2022 | 30.06.2023 11:44:21.39 | 1600,180 | 2023 Yearlings 17th Race 1 R500 |
| 18 | BELL, GEORGE | BPPD 3291 2022 | 30.06.2023 11:44:21.82 | 1600,110 | ERICA - 2023 Yearlings 18th Race 1 R500 |
| 19 | MOORCROFT, JB | KUR 6338 2022 | 30.06.2023 11:44:23.89 | 1599,775 | 2023 Yearlings 19th Race 1 R500 |
| 20 | BLUE SKY LOFTS | URPC 111 2023 | 30.06.2023 11:44:33.89 | 1598,154 | NELSON - 2023 Yearlings 20th Race 1 R500 |

Ongelukkig was die wenner sowel as die 8ste duif nie ingeskryf nie en het hulle hul plekke verbeur.  Baie geluk aan Rowlen Von Gericke van Magetzane hokke met nog 'n wen in die Sentrale Hokke met 'n duifie geteel deur Roelie Steinmann wat hy aangeskaf het.  Baie geluk ook aan Mike Coetzee met die tweedeplek en Alan Spreadborough van Al-Li lofts met die derdeplek.

In the Opens the winning bird as well as the bird in 8th place were not activated and the winner was Rowlen Von Gericke of Magetzane Lofts with a for sale bird that he acquired, bred by Roelie Steinmann.  Congratulations Rowlen as well as Mike Coetzee on the second place and Alan Spreadborough of Al-Li Lofts on the third place.

WINNER OF OPENS RACE 1 – MAGETZANE HOKKE

Rowlen van Gericke is die seun van Riaan Von Gericke wat die duiweboer is en in die OVRF deelneem. Rowlen vlieg nie self duiwe nie maar geniet die genetika van duiwe sowel as skape en behartig dus die teling van die duiwe.  Magetzane is die naam van hulle plaas en ook van die Vleismerino stoet. Rowlen is duidelik baie bedrewe met die teling en het ook al 'n paar nasionale vleismerino kampioene geteel.

Rowlen het verlede jaar Race 4 in die Jongduiwe gewen .  Die wenduif in die Opes is 'n duifie geteel deur  Roelie Steinmann wat weens 'n gebrek aan pedigree nie veiling toe kon gaan nie.

Rowlen van Gericke is the son of Riaan Von Gericke who is the pigeon fancier and participates in the OVRF. Rowlen enjoys the genetics of both pigeons and sheep and therefore manages the breeding of the birds. Magetzane is the name of both their farm and the Mutton Merino Stud. Rowlen is clearly very adept at breeding and has also bred a few national Mutton Merino champions.



**OPE UITSLAG / OPENS RESULT:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | zzOPEN - MAGETZANE HOKKE | KHS 1901 2022 | 30.06.2023 11:38:04.41 | 1663,783 | ROELIE - 2022 Yearlings 18th Race 5 LG R500 / 2023 OPENS 1st Race 1 Hanover R3,000 |
| 2 | zzOPEN - COETZEE, MIKE | VNRF 5053 2021 | 30.06.2023 11:41:52.51 | 1624,709 | GEORGE 2023 Opens 2nd Race 1 Hanover R2,000 |
| 3 | zzOPEN - AL-LI LOFTS | VSD 743 2021 | 30.06.2023 11:42:16.97 | 1620,627 | DARK DIAMOND 2023 Opens 3rd Race 1 R1,000 |
| 4 | zzOPEN - PIGEON POWER LOFTS | NRHU 2838 2020 | 30.06.2023 11:42:24.62 | 1619,355 | TIGER – 2023 Opens 4th Race 1 R1,000 |
| 5 | zzOPEN - STRYDOM, RIAAN | OPJB 425 2021 | 30.06.2023 11:42:27.05 | 1618,951 | JET - 2022 Yearlings 4th Race 3 R2,000 / 2023 Opens 5th Race 1 R1,000 |
| 6 | zzOPEN - KRUGER, C&R | OPU 1378 2021 | 30.06.2023 11:42:33.74 | 1617,841 | MISS TURBO – 2023 Opens 6th Race 1 R500 |
| 7 | zzOPEN - BEYERS, FOETIE | NB 1086 2020 | 30.06.2023 11:42:40.95 | 1616,646 | DANNY - 2022 2nd Matjies Challenge R50,000 / 2023 Opens 7th Race 1 R500 |
| 8 | zzOPEN - DE VRIES HOKKE | SVPV 1448 2020 | 30.06.2023 11:44:02.75 | 1603,211 | NATIVE DANCER – 2023 Opens 8th Race 1 R500 |
| 9 | zzOPEN - PHILANDER, M | PPS 03553 2021 | 30.06.2023 11:44:16.90 | 1600,909 | 2023 Opens 9th Race 1 R500 |
| 10 | zzOPEN - LAPPIES LOFT | WSPC 320 2021 | 30.06.2023 11:45:01.83 | 1593,645 | 2023 Opens 10th Race 1 R500 |

In die Jaaroud spankompetisie kan ‘n mens sommer nou al sien dat dit ‘n baie sterk kompetisie gaan wees met verskeie deelnemers wat sommer ‘n hele paar duiwe in die eerste 150 ingepak het. In hierdie kompetisie tel net die eerste 3 duiwe se punte sodat deelnemers met 2 of 3 duiwe wat goed presteer ook kompeterend kan wees. Ook maar goed so anders was daar alreeds met die eerste wedvlug ‘n paar deelnemers wat sou weghol met die punte.

In the Yearlings Team Competition one can already see that it will be a very strong competition with several participants who packed a lot of girds into the first 150. In this competition only the points of the first 3 pigeons count so that participants with 2 or 3 pigeons which perform well can also be competitive.

In hierdie vroee stadium loop Willie Munnik ‘n kortkop voor Loft Einkamerer, albei van die Schweizer Klub. Pieter du Plessis van Roodepoort is in die derdeplek met Daniel Troskie van Pretoria in die vierdeplek. Maar dit is nog te vroeg om nou al ‘n raaiskoot te waag. Ek voorspel ‘n tawwe kompetisie.

In this early stage, Willie Munnik is just a few points ahead of Loft Einkamerer, both from the Schweizer Klub. Pieter du Plessis from Roodepoort is in third place with Daniel Troskie from Pretoria in fourth. But it is still far too early for any predictions. This is clearly going to be a tough one.

# YEARLINGS TEAM COMPETITION 2023

Points of first 3 pigeons per fancier in top 10% (150)

| RANK | FANCIER | TOTAL |
|---|---|---|
| 1 | MUNNIK, WILLIE | 403 |
| 2 | LOFT EINKAMERER | 395 |
| 3 | DU PLESSIS, PGW | 333 |
| 4 | TROSKIE, DANIEL | 327 |
| 5 | DIEPLAAGTE/STERKFONTEIN LOFTS | 303 |
| 6 | BEYERS, FOETIE | 266 |
| 7 | TEAM OBERHOLSTER | 261 |
| 8 | OUT OF AFRICA LOFTS | 259 |
| 9 | VAN HEERDEN, OUBAAS | 225 |
| 10 | DIESEL POWER LOFTS | 219 |
| 11 | KOOPMAN LOFTS & FRIENDS | 217 |
| 12 | POGGENPOEL LOFTS | 202 |
| 13 | B & S LOFTS | 164 |
| 14 | VILJOEN, JANDRE | 164 |
| 15 | VAN DER SANDT, DAVE | 150 |
| 16 | LEOHAN HOKKE | 149 |
| 17 | HARTZIE HOKKE | 148 |
| 18 | HENDRIK & DANIEL MOLLER | 137 |
| 19 | NJD STEVENS LOFTS | 136 |
| 20 | ERMELO SINDIKAAT | 135 |
| 21 | SASS, FRANCOIS | 134 |
| 22 | SINCERITY HOKKE | 134 |
| 23 | BELL, GEORGE | 133 |
| 24 | MOORCROFT, JB | 132 |
| 25 | BLUE SKY LOFTS | 131 |
| 26 | LE ROUX, RAYMOND | 128 |
| 27 | NELL, GM | 128 |
| 28 | DOMINICO | 126 |
| 29 | COMB VAN'T OEVEREN/VAN DEN BOS | 125 |
| 30 | PIETER, ANNEBEL & GIDEON | 124 |
| 31 | VAN DER WATH, PIET | 123 |
| 32 | TEAM SAMAAI | 122 |
| 33 | MARAIS & MANUEL | 120 |
| 34 | ROYAL CRESCENT RACING & GARTH | 120 |
| 35 | THEUNISSEN, FC | 120 |

In die Ope Spankompetisie loop Pigeon Power Lofts, net soos verlede jaar gerieflik voor op hierdie stadium, maar hy sal nie te gerus kan wees nie. Daar is 'n hele klomp manne binne tref afstand wat die lewe nog baie warm kan maak.

At this stage, just like the previous year, Pigeon Power Lofts leads comfortably, but he cannot be too complacent. There are a few participants within reach who can still make life very difficult for him.

## OPENS TEAM COMPETITION 2023

First 3 pigeons per fancier in top 50

| RANK | FANCIER | TOTAL |
|---|---|---|
| 1 | zzOPEN - PIGEON POWER LOFTS | 115 |
| 2 | zzOPEN - BEYERS, FOETIE | 67 |
| 3 | zzOPEN - PHILANDER, M | 67 |
| 4 | zzOPEN - DE VRIES HOKKE | 65 |
| 5 | zzOPEN - MAGETZANE HOKKE | 59 |
| 6 | zzOPEN - PENNINGTON LOFT | 56 |
| 7 | zzOPEN - COETZEE, MIKE | 49 |
| 8 | zzOPEN - AL-LI LOFTS | 48 |
| 9 | zzOPEN - PASELLA | 46 |
| 10 | zzOPEN - STRYDOM, RIAAN | 46 |
| 11 | zzOPEN - KRUGER, C&R | 45 |
| 12 | zzOPEN - POGGENPOEL LOFTS | 40 |
| 13 | zzOPEN - VAN WYK, CLARENCE | 39 |
| 14 | zzOPEN - MEYER & VAN WYK | 38 |
| 15 | zzOPEN - MOORCROFT, MIKE | 36 |
| 16 | zzOPEN - MOORCROFT, JB | 34 |
| 17 | zzOPEN - ISAACS, BRYAN | 32 |

In die klubkompetisie tel al die punte van elke deelnemer wat vir die spesifieke klub deelneem. Hoe meer lede van 'n klub deelneem, hoe meer punte kan daardie klub potensieel versamel. Dit is egter ook moontlik dat slegs een lid sy klub tot oorwinning kan dra.

In hierdie vroeë fase van die kompetisie het die uitstekende prestasies van Willie Munnik en Butch Einkamerer hulle klub die voortou laat neem met Kalahari OLR en Bloem OLR kort op hulle hakke. Ek het nog nie al die deelnemers en klubbesonderhede nie en hierdie is dus 'n voorlopige puntetelling.

**Deelnemers wat nog nie hulle klubname deurgegee het nie, het nog kans tot voor die volgende wedvlug. Dit is gratis en jy en jou mede klublede kan 'n paar rand vir jou klub verdien.**

In the club competition, all points of all club members count. The more members of a club participating, the more points that club can potentially collect. However, it is also possible that only one member can carry his club to victory.

In this early stage of the competition, the excellent results of Willie Munnik and Butch Einkamerer put their club in the lead, with Kalahari OLR in the second place and Bloem OLR third. At this stage this is a temporary result as there might be more clubs that wants to participate.

**Competitors who have not yet passed on their club names still have time until the next race. It's free and you and your fellow club members can earn a few pennies for your club.**

## YEARLINGS CLUB COMPETITION 2023

Points of all pigeons in the top 150 (10%)

| RANK | CLUB | TOTAL |
|---|---|---|
| 1 | SCHWEIZER SAAMVLIEG PDV | 1155 |
| 2 | KALAHARI OLR | 712 |
| 3 | BLOEM OLR | 708 |
| 4 | KRUGERSDORP RPS | 333 |
| 5 | HORIZON PIGEON CLUB | 125 |
| 6 | VIRGINIA PDK | 123 |
| 7 | PRESIDENT PDK | 120 |
| 8 | CHRISTIANA PDK | 117 |
| 9 | HANTAM POSDUIFKLUB | 108 |
| 10 | VREDENDAL POSDUIFKLUB | 105 |
| 11 | IXOPO RACING PIGEON CLUB | 102 |
| 12 | HESSEQUA POSDUIF KLUB | 100 |

In die Opes is Lichtenburg OLC danksy Pigeon Power Lofts se prestasies in die voortou met Ceres Pigeon Soc in die tweedeplek en Kalahari OLR in die derdeplek. Ook hier kan die punte moontlik verander indien daar nog klubs bykom.

In the Opens Lichtenburg OLC is the frontrunner at this stage, with Ceres Pigeon Soc second and Kalahari OLR third.

# <u>OPENS CLUB COMPETITION 2023</u>

Points of all birds of all club members in the top 50

| RANK | CLUB | TOTAL |
|---|---|---|
| 1 | LICHTENBURG OLC | 187 |
| 2 | CERES PIGEON SOC | 70 |
| 3 | KALAHARI OLR | 70 |
| 4 | WESTELIKES POSDUIFKLUB | 46 |
| 5 | SAINTS KLUB | 41 |
| 6 | LUTZVILLE POSDUIFKLUB | 28 |
| 7 | CHRISTIANA PDK | 24 |
| 8 | BLOEM OLR | 19 |
| 9 | ERMELO PDK | 14 |
| 10 | HAMLET DK | 12 |
| 11 | SCHWEIZER SAAMVLIEG PDV | 10 |

+

Aangesien dit die eerste wedvlug van die seisoen is, is die ACE Pigeons in dieselfde volgorde as die wenners van die onderskeie kompetisies en sal dit eers na die volgende wedvlug bygewerk word.

As this is the first race of the season, the ACE Pigeons are in the same order as the winners of the respective competitions and will only be updated after the next race.

Sterkte en voorspoed aan elke deelnemer vir die 2023 seisoen.  Mag julle duiwe julle trots maak.